**12 Mei** **Skrifgedeelte: Psalm 75 en 76**
**Fokusgedeelte: Psalm 75:7,8**

## Die Here verneder en verhef

Wat 'n onderstebowêreld is dit tog waarin ons leef! Soms moet jy jouself afvra of al die misdaad en geweld waarvan ons in die koerante lees en op TV sien, die waarheid kan wees! 'n Mens verstom jou oor die arrogansie van boewe en die verskriklike dinge waarmee hulle wegkom. Partymaal wil ons ons hande saamslaan en vra: Hoe kan God dit toelaat?

Dit lyk ook of die mense wat nie omgee vir God en sy gebod nie, kan maak wat hulle wil en dat hulle nie gestraf word nie. Daar word soveel onreg gepleeg en dan lyk dit of die onreg die laaste woord spreek.

Maar Psalm 75 sê so duidelik: Gód het die laaste woord. Mense wat hulleself verhef en dink dat hulle daarmee gaan wegkom, gaan wreed ontnugter word. Mense wat dink hulle kan doen wat hulle wil, gaan met die oordeel van God te doen kry.

Dit is die Hére wat verneder en verhef. Hy sal met sy oordeel 'n definitiewe einde maak aan die skyn van onreg en die oorhand behou. Sy oordeel is finaal.

Laat ons ons daarom in die Here verbly. Sy magtige dade beteken verlossing vir ons, al lyk dit nou nog of die goddelose die botoon voer. Hy sál met reg oordeel.

*Sing: Psalm 75:1,2,4* *Dr F van der Walt (Bellville-Oos)*